

HEILBRON

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

HERALD

TRADING HOURS:
MON - FRI: 06:00 - 18:00
SAT: 06:00 - 17:00
SUN: 06:00 - 17:00

EST. 2021

OJ'S

— ON LONGMARKET —



BURGER SPECIAL

EVERY WEDNESDAY

2 X 150g CLASSIC BEEF BURGERS FOR ONLY R150.00

ADD ANY OF OUR GOURMET BURGER TOPPINGS
FOR R25.00 EXTRA PER BURGER



Please note: dishes are prepared in the kitchen with the following allergens: Peanuts, MSG, Gluten, Sesame, Tree Nuts

Follow us on  @OJSONLONGMARKET

CALL US: 058 852 1319

OK Foods

HEILBRON

NEW TRADING HOURS FROM 1 AUGUST 2022

Monday-Friday: 07:30 - 18:30
Saturday: 07:30 - 17:00
Sunday: 08:00 - 15:00
Holidays: 08:00 - 15:00 | Closed on Christmas day

OK Liquor

HEILBRON

NEW TRADING HOURS FROM 1 AUGUST 2022

Monday-Friday: 07:30 - 18:30
Saturday: 07:30 - 17:00
Sunday: Closed
Holidays: 08:00 - 15:00 | Closed on Christmas day

Owners you can count on!

NAGMERRIE RONDOM STORTINGSTERREIN!!

“Ek staan op met 'n lied in my hart en 'n huppel in my stap, totdat ek vanaf ons plaas deur die vullisterrein moet ry om by die werk te kom,” sê beskryf Liaani Bennink, sakevrou van Heilbron, die prentjie wat haar elke oggend en middag begroet wanneer sy van die plaas af dorp toe en terug moet ry. Die Bennik's se plaaspaadjie het nou deel van Heilbron se stortingsterrein geword.

Dat die stortingsterrein in 'n haglike toestand is, is nie nuut nie en dit sal ook nie die eerste keer wees wat klagtes oor dié terrein geopper word nie. Varke, beeste, bokke loop vrylik rond en vullis lê oor die aarde gesaai en dra by tot 'n onhigiëniese omgewing. Wat sake vererger is die feit dat die terrein ook deur onwettige plakkers beset word. Vir jare lank al val onderhandelinge en samesprekings met die munisipaliteit en ander rolspelers oor hierdie aangeleentheid egter op dowe ore.

Die Bennik's is nie die enigste mense in die omgewing wat deur die slegte toestand van die terrein benadeel word nie.

Dr. Piet van Zyl, plaaslike veearts, se plaas is ook aan die agterkant van die stortingsterrein geleë. Hy vertel dat die toegangsroete na sy plaas in só 'n slegte toestand is, dat die melkkopers aan wie hy melk lewer, dreig om op te hou om die melk op sy plaas te gaan haal indien daar nie drastiese verbeteringe aan die pad aangebring word nie. Van Zyl het bevestig dat so 'n optrede tot werksverliese en 'n gebrek aan inkomste kan lei.

Volgens hom hou die pad vele higiëniese en veiligheidsrisiko's in. “Die onwettige storting van vullis in die pad en die gebrekkige bestuur

daarvan veroorsaak ook obstruksie van 'n openbare pad,” aldus Van Zyl. Hy vertel ook dat 'n advokaat van omgewingsake al die terrein besoek het en dit as 'n onwettige stortingsterrein verklaar het. Die terrein is glo ook nie wettig geregistreer nie. Van Zyl het nou verdere regshulp ingewin om die stryd verder te voer en die munisipaliteit tot verantwoording te roep.

AfriForum het ook al reeds tot die stryd toegetree. Gerrie Muller, voorsitter van Heilbron se tak, verduidelik dat daar sekere kriteria is waaraan die terrein moet voldoen. Volgens hom strek die probleem baie verder as die blote onmiddellike omgewing. “Tydens die reënseisoen spoel vullis tot in die Elandspruit wat dan weer tot in Koppiesdam vloei,” verduidelik hy.

Die organisasie het al met Francis Moeketsi, munisipale bestuurder, oor die probleem gesprekke gevoer. Die pad moet geskrap word, 'n stootskrapeer moet die vullis wegstoot en nuwe kolwers moet ingesit word sodat die dam bo die terrein nie oor die pad spoel nie.

Moeketsi sê egter dat dit moeilik is omdat die munisipaliteit nie 'n stootskrapeer het nie en sal een vir dié doeleindes gehuur moet word. Op 'n vraag aan hom oor wat van die R8 miljoen geword het wat vir die opknapping van die terrein toegestaan is, het hy egter geantwoord dat hy nie by magte is om daarvoor kommentaar te lewer nie. Hy het wel bygevoeg dat daar oor die naweek van 26 Junie 'n skrapeer gekry gaan word om met opknappingswerk te begin. Gaan dit gebeur sal net tyd leer.



FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING

Donderdae - Royal Auction Centre

VIR KRAALBESPREKINGS EN INSKRYWINGS, SKAKEL:

Piet Boshoff: 083 210 7135 of Jan Hendrik Claassen: 074 490 5451



BKB

The Thriving Home of Agriculture
The Agricultural Value and Landfill

www.bkb.co.za

SAY NO TO DRUGS



The commemoration of Youthday this year marks the 46th anniversary of the 16 June Soweto uprising. The Holly Church celebrates this day under the theme of “ Say no to drugs”. Hereby they invited professionals from different departments that include people from the SAPS, Correctional Services and the Department of Health to speak to the youth of Phiritona about the dangers of substance abuse.

IEMAND IS GATVOL!



Met die R57 en Heilbron se paaie wat vol slaggate is, het 'n onbekende persoon besluit om almal wat na Heilbron afdraai vanaf die Vanderbijlpark-/Sasol pad, te verwelkom met 'n boodskap oor sy gevoel in verband met die paaie. Die plakker op die padbord beskryf ook verskeie inwoners se gevoel oor die toestand van ons paaie.

HEILBRON Kliniek

• Mosa Mtolo

WHAT HAPPENS TO THE BRAIN WHEN A PERSON TAKES DRUGS

Most drugs affect the brain "reward circuit", causing euphoria as well as healing it with the chemical messenger dopamine. A properly functioning reward system motivates a person to repeat behaviours needed to thrive, such as eating and spending time with loved ones. Surges of dopamine in the reward circuit cause the reinforcement of pleasurable but unhealthy behaviours such as taking drugs, leading people to repeat the behaviour again and again.

As a person continues to use drugs, the brain adapts by reducing the ability of cells in the reward circuit to respond to it. This reduces the high that the person feels compared to the high they felt when first taking

the drug - an effect known as tolerance. They might take more of the drug to try and achieve the same high. These brain adaptations often lead to the person becoming less and less able to desire pleasure from other things they once enjoyed, such as eating, sex, or social activities.

Long term use also causes changes in other brain chemical systems and circuits as well, affecting functions that include:

- Learning
- Judgement
- Decision-making
- Stress
- Memory
- Behaviour

Despite being aware of these harmful outcomes, many people who use drugs continue to take them, which is the nature of addiction.

Uit die pen:



aanmeld, maar kry niks nie. By elke kantoordeur in die groot gebou kry ek dieselfde antwoord: “Nie hier nie.” Ek spoor die grootbaas se sekretaresse op: al my nuwe kollegas is na 'n vergadering toe, omtrent 70 km van daar af en ek moet dadelik soontoe ry. Met watter voertuig? Nee, hulle weet nie. Gaan iemand my vergoed met petrolgeld? Nee, hulle weet nie. Watter soort vergadering is dit? Nee, hulle weet nie.

Waar is my kantoor? Watter kantoor, vra hulle. Nee, hulle weet nie.

Ek klim in my kar en ry terug huis toe. As dit so begin, dan weet ek nie.

Ek probeer die volgende dag weer. By die sekretaresse hoor ek dat ek by Mnr N moet aanmeld: hy is my kollega en hy sal my wys wat ek moet doen. Mnr N is nie in sy kantoor nie, maar almal verduidelik dat hy net na 13:00 sal terug wees. Sy kantoordeur is gesluit.

Ek wil gou badkamer toe gaan, maar daar is geen toiletsitplekke op die toilette nie. Ek maak 'n mental note: dalk moet dit my motiveer om volgende keer 'n toiletsitplek saam te bring en dit sommer te skenk. Ek stap terug na Mnr N se kantoor. Hy is steeds nie daar nie.

Ek gaan sit sommer plat in die gang voor sy kantoor en ruk my skootrekenaar uit. Ek begin met die vakriglyne: stel sommer iets saam wat ek vir die onderwysers vir wie ek nou verantwoordelik gaan wees, kan gee. Eintlik sit ek net en tyd mors, want ek weet nie eers aan wie ek moet rapporteer nie.

Die gang is baie lank, seker so 40 kantore op 'n ry. Hewige rumoer die hele tyd lank. Ek wonder hoe mens hier werk met al die geraas nie. Ek sien dat die vloer waarop ek sit, lanklaas 'n mop en seep gesien het. Wat my daaraan herinner: toe ek flussies in die badkamer was, het ek 'n nota gesien wat verduidelik dat daar nie water is nie. Blykbaar al lankal.

Ek sien elke paar minute 'n nuuskierige gesig in die gang af loer. Ek waai vriendelik, maar het geen idee vir wie ek waai nie. Ek hou op tel by die sewende persoon wat in die gang af loer. Waarom lag julle vir my, vra ek. Want jy sit op die grond en werk.

Later het ek agtergekom dat sekere amptenare sommer hulle klere en gewere gepak het wanneer daar nie water of elektrisiteit of sitplek was nie. Hulle het hulle nie laat rondvoeter (by gebrek aan 'n beter woord) nie.

Ek gaan maar weer huis toe.

Die volgende oggend is Mnr N by die kantoor. Sy kantoor se ruite is vuil aan die buitekant. Ook lanklaas seep gesien. Hy het twee tafels in sy kantoor: tipiese staatstafels. Mnr N se papiere lê gestrooi in die vensterbank: daar is geen kas of rak of liasseerkabinet naby nie. Die rumoer hou net nooit op nie.

Ja, ek moet saam met hom ry na 'n skool toe sodat ek kan sien wat ek moet doen. Uiteindelik, dink ek, iemand het van my onthou! Mnr N verduidelik dat niemand hom van my vertel het nie, en hy het toe maar self inisiatief geneem om my saam met hom te laat ry. Hy wys my al die vorms wat ek moet invul en ons spring in sy kar.

Hy wys my die omgewing en op pad na die skool toe vertel hy my van die onderwyser en 'n snaakse situasie waarin hy al was. Ek hou Mnr N dop en aan die einde van die skoolbesoek weet ek min of meer wat om te doen.

So begin my en Mnr N se tweemanskap wat vir langer as 'n jaar hou totdat ek na 'n ander fase oorgeplaas word.

Al was sy kantoorgebou sonder lopende water en toiletsitplekke.

WEEK 25 VAN 2022

My laaste dag by die skool het aangebreek. Ek was bly en hartseer en onseker en opgewonde. Alles deurmekaar. Die skool het vir my 'n mooi present gegee na amper 15 jaar waarin ek bly en hartseer en onseker en opgewonde was.

Kinders het briefies gebring om totsiens te sê, ander het nie eintlik veel daarvan gedink nie, want ek het steeds in die dorp gewoon, maar het net by 'n ander plek gaan werk.

Die personeel het pousetyd iets te ete gekry. Sommiges het sekerlik moeilik daaraan gesluk, ander met effense hartseer en dan was daar ook diegene vir wie dit nie saakgemaak het nie. Toe ek destyds daar aangestel is, was daar 17 onderwysers, en met my afskeid was daar 47. Amper soos muf aangegroei.

Ek het besluit om die kollegas, wat nog oor was nadat ek daar begin het, in persoon te groet tydens die verrigtinge in die personeelkamer. Ek vertel 'n staaltjie van elk en ons lag lekker. Laatmiddag het ek my laaste boksie papiere en boeke in my kar gesit, die gordyne van my kantoorvernster afgehaal en ook na my kar gedra.

Die Skoolhoof loop my raak en bedank my vir my werk, op 'n ander manier as wat hy in die personeelkamer gedoen het. Hy is ernstig en dit voel regtig asof hy my werk waardeer het. Ek is die laaste dag van daardie maand huis toe met gemengde gevoelens.

Die volgende dag is ek vroeg op, op pad na my nuwe kantoor toe, 25 km van die huis af. Wanneer daar 'n nuwe onderwyser by die skool aangekom het, is hulle hartlik welkom geheet en dan in die bekwame hande van 'n senior onderwyser of mentor gelaat. Die twee het dan die skoolgronde verken en die nuwe persoon het vir omtrent 'n maand al agter die senior aangeloop om te sien hoe alles gedoen word.

Wanneer 'n vorm ingegee moes word of 'n afspraak nagekom moes word, het die nuwe persoon saamgegaan en sodoende het die senior persoon die jonger een geleer.

Nie by die nuwe werk nie, kom ek gou agter.

Ek soek 'n plek waar ek moet gaan

WINKELURE

MAANDAE - DONDERDAE: 07:30 -17:00 | VRYDAE: 07:30 - 16:30
SATERDAE: 08:30 - 13:00

Elsstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033





ONDERSTEUN JOU MET

DAE VAN WINSKOPE

DAE MET ONGELOOFLIKE

BESPARINGS!

24, 25 EN 26 JUNIE 2022

Eksklusief vir **SPAR Rewards**-klante

SPAR Rewards
Instant Savings

Sluit vandag nog aan: Skakel
*120*7070#. DIS ONMIDDELLIK GELDIG!



Clover
Umsueter of
Laktose-vry
1,5% M.V.
2 x 1,5 l

27⁹⁹
Kry 'n ekstra
R4 af

Rewards - Klante betaal
23⁹⁹
nik



SPAR
Floor of Oopstrik
Vleisvul Wors
500 g
12pk, 12pk
in 12pk uitdop

31⁹⁹
Kry 'n ekstra
R5 af

Rewards - Klante betaal
26⁹⁹
nik



Jacobs Kröning
Coffee Kröning of
Koffie Kröning
300 g + 230 g
in 12pk uitdop

99⁹⁹
Kry 'n ekstra
R15 af

Rewards - Klante betaal
84⁹⁹
nik



Jacobs
Cappuccino-Smaak
8 x 10
Vleisvulwors

MULTI-KOPIE
Koop enige 2 vir
100⁰⁰
Kry 'n ekstra
R15 off

Rewards - Klante betaal
85⁰⁰



Nestle
Milo Drink
500 g

54⁹⁹
Kry 'n ekstra
R7 af

Rewards - Klante betaal
47⁹⁹



SPAR
Toilet Tissue
18
300 vlye

84⁹⁹
Kry 'n ekstra
R5 af

Rewards - Klante betaal
79⁹⁹
nik



Pampers
Baby Dry
Doek of
Doekvrye
Jumbo-Pak

199⁹⁹
Kry 'n ekstra
R20 af

Rewards - Klante betaal
179⁹⁹
nik



Sunlight
Opwaswep
Handwep
150 ml

22⁹⁹
Kry 'n ekstra
R4 af

Rewards - Klante betaal
18⁹⁹



Domestos
Pk Bleemiddel
750 ml
vleisvulwors

28⁹⁹
Kry 'n ekstra
R4 af

Rewards - Klante betaal
24⁹⁹



Sunlight
Handwep
2 kg
vleisvulwors

49⁹⁹
Kry 'n ekstra
R5 af

Rewards - Klante betaal
44⁹⁹
nik

TBWA Hunt & Associates / Durban / 031 554 7734 / 031 554 7734

*Maksimum van 5 e-Koepons per klant vir elke SPAR Rewards produk/multi-kopie/kombo wat hier vertoon word.
Onderworpe aan V's en B's. Aanbod geld by alle SPAR-, SUPERSPAR- en KWIKSPAR-winkels tot en met 26 Junie 2022 terwyl voorraad hou.

UITGEDIENDE NGWATHE BATES ONDER DIE HAMER

'n Aantal uitgediende bates van die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit, soos defekte voertuie, trekkers ens. is op Dinsdag 7 Junie 2022 opgeveil. Die veiling het 'n omset van R1 299 250,00 behaal.

Volgens Vryheidsfront Plus raadslid Phillip van der Merwe was dit hoogtyd dat die veiling, wat lank weens Covid 19 protokolle vertraag was, gehou word. “Van die bates wat verkoop moes word was lank reeds uit diens onttrek en nie behoorlik beveilig nie, wat meegebring het dat baie van die voertuie van onderdele soos wiele, enjins en self ewenaars gestroop was. Die veiling kon baie meer opgelewer het indien dit vroeër kon plaasvind”, sê hy.

Raadslid van der Merwe het, tydens 'n vergadering van die Finansiële Komitee op 17 Junie 2022, waar 'n verslag oor die veiling gedien het, aangedring dat 'n ondersoek gedoen word om te bepaal of die sekuriteitsafdeling van die munisipaliteit, wat

munisipale bates moet beveilig en beskerm, nalatig was daarmee en of enige beampte moontlik vir die skade wat deur die stropery veroorsaak was, aanspreeklik gehou kan word. Verslag oor die aspek word nou afgewag.

Raadslid Van der Merwe het voorts aangedring dat 'n behoorlike beleidstuk opgestel word om voor te skryf hoe met voertuie wat uit diens onttrek word gehandel moet word en veral om die verkoping daarvan te bespoedig ten einde die stropery te verhoed of minstens te bekamp. “Onder die uitgediende voertuie was ook ampsmotors van vorige burgemeesters wat erg verwaarloos het weens tydsverloop terwyl dit gestoor was. Die voertuie moes eintlik ingeruil gewees het tydens die aankoop van ander voertuie ter vervanging daarvan en ek wil verseker dat die situasie homself nie weer herhaal nie”, sluit hy af.

TERUGBLIK



AP-KERKKOOR SING VIR HUIS BRON-VAN-HEIL: Vrydagmiddag het 'n groepie van die AP-Kerk kersliedere vir die inwoners van Huis Bron-van-Heil gaan sing. Dit was heerlijk om te sit en luister na die oorgawe waarmee hulle sonder begeleiding die pragtige liedere gesing het. Die inwoners het dit baie geniet en waardeer. Op die foto is 'n deel van die groep wat gesing het. Klein Mia Prinsloo was die koor se gelukbringer. (Heilbron Herald 11.1.2013)

Postal address: PO Box 359
Physical address: Liebenbergstrek
PARYS
9585
Tel: +27 (0) 56 811 2131
Fax: +27 (0) 56 811 2046
e-mail: jordaans@ngwathe.co.za

OFFICE OF THE MUNICIPAL MANAGER
Our Ref: MTRR/2022-23/TARIFFS

PUBLIC NOTICE

DETERMINATION OF FEES, CHARGES AND TARIFFS FOR THE FINANCIAL PERIOD 2022/2023

Notice is hereby given that, in terms of Sections 2, 7, 8 and 14 of the Local Government: Municipal Property Rates Act 6 of 2004 ("the Act") and as amended, read with Sections 4(1)(c)(i) & (ii) and 11(3)(i) of the Local Government: Municipal Systems Act 32 of 2000 ("the Systems Act") and Section 24(2)(c)(i) of the Local Government: Municipal Financial Management Act 56 of 2003 ("the MFMA"), the Council of the Ngwathe Local Municipality during the Council sitting of the 31st May 2022, resolved to consider the following fees, tariffs and charges for implementation with effect from 1 July 2022 to 30 June 2023. All tariffs include 15% VAT except where indicated.

The following percentage increase was considered and approved:

a) Water Supply	6%
b) Electricity	12.8% (pending actual NERSA Approval)
c) Sewerage	6%
d) Refuse	6%
e) Rates and Taxes	4.8% (With rebates discount on Residential and 10% discount on Business)
f) All Other Sundries	6%
g) 50kWh of electricity and 6kl of water will be provided only to indigents	

Indigent Policy

- Category A – R 4 500.00 of the total gross income per month of all occupants over 18 years: (Full subsidised services on the municipal account) to accommodate two state pensioners.
- Category B – R 4 500.00 of the total gross income per month of all occupants over 18 years (will receive a rebate of R 200.00 per month if the market value of the household property is and above R1, 5million.

The Council of the Ngwathe Local Municipality hereby declares its intention that the following rates in the Rand are to be levied for the financial year 1 July 2022 to 30 June 2023, on the market value of property or on the market value of a right in land within the area of jurisdiction of the Council as appearing in the valuation roll, in respect of the various categories of properties set out below:

CATEGORY	Rates	Exemptions, Reductions & Rebates
Residential	0,013909	A total rebate of R30 000 will be granted on the value of the property (R15 000 impermissible according to the Municipal Property Rates Act plus a further R15 000 according to the municipality's Property Rates Policy) A further 10% reduction on the market value (Market value minus R30 000 then 10% will apply on the difference)
Business, Commercial, Industrial and Mines	0,022801	A maximum of 10% reduction in line with Rates Policy will be given
Gholf Island Towns	0,013909	A total rebate of R30 000 will be granted on the value of the property (R15 000 impermissible according to the Municipal Property Rates Act plus a further R15 000 according to Municipal Property Rates Policy)
Agriculture/Farms	0,003477 100% Phase in of MFRA	25% of the residential tariff. Any rebate will be granted in line with the Property Rates Policy
Properties owned by an Organ of State and used for Public Service Purposes	0,022801	No rebates
Public Service Infrastructure	0,003477	Any rebate will be granted in line with the amended Rates Act of 2014

Properties owned by Public Benefit Organisation and used for Specified Public Benefit Activities	0,022801	Any rebate will be granted in line with the amended Rates Act of 2014
Vacant Stand Business	0,013909	No rebates
Vacant Stand Residential	0,013909	A total rebate of R30 000 will be granted on the value of the property (R15 000 impermissible according to the Municipal Property Rates Act plus a further R15 000 according to the municipality's Property Rates Policy) No further reduction
Municipal and Church Property	0.00	Exempted/Zero rated

EXEMPTIONS, REDUCTIONS AND REBATES:

Exemptions, Reduction and Rebates will be given to the different categories of properties and owners as follows:

Different Categories of Properties

Residential Properties

All residential properties with a market value of less than the amount as annually determined by the municipality are exempted from paying rates. For the 2022/2023 financial year the maximum reduction is determined as R30 000. The impermissible rates of R15 000 contemplated in terms of section 17(1) (h) of the Property Rates Act is included in the amount referred to above as annually determined by the municipality.

The remaining R15 000 is an important part of the council's indigent policy and is aimed primarily at alleviating poverty.

Indigent Owners

Owners who qualify and who are registered as indigents in terms of the adopted indigent policy of the municipality, regardless of the value of the property, will receive reduction from payment of property tax in terms of the Property Rates Policy.

Child Headed Families

Families headed by children with monthly income not exceeding R 4 500.00 will receive a 100% rebate for paying property tax.

Retired and Disabled Persons Rate Rebate

Retired and Disabled Persons, not registered as indigents, qualify for special rebates according to monthly household income as follows:

R0 to R4 500 per month	100% rebate
R4 501 to R5 500 per month	60% rebate
R5 501 to R7 950 per month	30% rebate
R7 951 to R8 660 per month	15% rebate

The pensioners residing at area where there is special negotiated tariffs with Council or tariff prescribed by law do not qualify for indigent and pensioners rebate

Business, Commercial and Industrial Properties

The municipality will grant rebates to rateable enterprises that promote local, social and economic development in its area of jurisdiction. Maximum rebate for the 2022-23 financial year, has been determined at 10%.

Public Benefit Organizations (PBO's)

Taking into account the effects of rates on PBOs performing a specific public benefit activity and if registered in terms of the Income Tax Act, 1962 (No 58 of 1962) for tax reduction because of those activities, Public Benefit Organizations may apply for the exemption or reduction of property rates up to 40%. Application should be submitted by the end of August 2022 on a prescribed form.

Agricultural Property Rebate

The municipality will apply the standard ratio for agricultural properties as promulgated by the Minister 1:0.25 (75% rebate on the tariff for residential properties).

Public / Residents / Businesses / NGO's / Rates Payers are also informed that due to the Covid-19 (coronavirus) epidemic, the budget documents and tariff list are available for inspection during office hours at the municipal offices as well as on the municipal website at www.ngwathe.fs.gov.za. Further clarity regarding these documents can be submitted to the office of the Chief Financial Officer by no later than 12h00 on Friday 28th June 2022.

MF MOKGOSU
Acting Municipal Manager

KENNISGEWING

NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

In the Estate of the Late:

Surname: DU PLESSIS

First names: DANIEL

Estate number: 7779/2020

Identity/passport number: 560929 5093 085

Date of death: 13/10/2020

Last address: 26 Sampie Froneman Street, Heilbron, 9650

All persons having claims against the above-mentioned estate are required to lodge their claims with the undersigned within 30 days after the date of publication hereof.

Name and address of Executor or Authorised Agent: CORNELIUS & PARTNERS INC

P.O. BOX 205/591, HEILBRON, 9650

40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650

E-MAIL: aktesb@coven.co.za

TEL: 058 852 2035

DATE SUBMITTED: 2022/06/13

PUBLICATION DATE: 2022/06/24

NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

In the Estate of the Late:

Surname: VAN TONDER

First names: MARTHA LOUISA

Estate number: 003179/2022

Identity/passport number: 290514 0013 085

Date of death: 4/02/2022

Last address: 31 Huis Bron-van-Heil, Heilbron, 9650

The First and Final Liquidation and Distribution

Account in this estate will be open for inspection for a period of 21 days from 24 June 2022 at the office of the Master of the High Court Bloemfontein and the Magistrate's Office.

Name and address of Executor or Authorised Agent: CORNELIUS & PARTNERS INC

AMANDA ANNE SCHUTTE

P.O. BOX 205/591, HEILBRON, 9650

40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650

E-MAIL: aktesb@coven.co.za

TEL: 058 852 2035

DATE SUBMITTED: 2022/06/17

PUBLICATION DATE: 2022/06/24

Petrus Steyn Internet
Vinnige Wireless Internet, installasies en diens, beskikbaar in Petrus Steyn en nabygeleë plekke.

Kontak ons vir enige navrae of bystand: 071 608 7909

Jenny Wireless Internet

COVID-19 OORSIG				
Munisipale Area	Orp	14 Junie '22	22 Junie '22	
METSIMAHOLE	Sasolburg	11 348	11 384	
	Deneysville	873	875	
	Oranjestad	251	252	
MOQHAKA	Kroonstad	7807	7812	
	Viljoenskroon	1158	1158	
	Steynsburg	214	214	
NGWATHE	Parys	3194	3205	
	Heilbron	1533	1535	
	Kopjes	1374	1374	
	Edenville	213	213	
	Vrededorp	412	412	
MAFUBE	Frankfort	1915	1915	
	Villiers	679	680	
	Cornelia	175	177	
	Tweeling	390	392	
TOTAAL		31 536	31 597	

DIENSTE SMALLS

BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.

Kontak Evert Kleynhans

072 018 3685 Heilbron

R

EIENDOMME

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON

Tel: 058 852 2041

Petro Meintjes 083 308 9159

GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,

Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron

Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140

www.heilbronherald.co.za

E-POS ADRESSE

- Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
- John Watson john@heilbron.co.za
- Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
- Silma herald@heilbron.co.za - (Kommersieële drukwerk & koerantbydraes) marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.) WhatsApp Nr. 083 495 5512
- Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersieële drukwerk & koerantbydraes)
- Delareyz finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
- Christelle heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)

- Cara heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.) WhatsApp Nr. 078 857 2106
- Hendie heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

TE HUUR

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Gesik vir ongeveer 70 mense.

Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.

Hannalie Claassen

079 040 0531

WINKELURE

MAANDAE - DONDERDAE: 07:30 - 17:00

VRYDAE: 07:30 - 16:30

SATURDAE: 08:30 - 13:00

Elsstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033

BIBLIOTEEK OOP

Piercestraat 66 • Heilbron

Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:

Maandae tot Vrydae - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)

Biblioteek is gesluit op Saterdag, Sondag & openbare vakansiedae.

Vakante Betrekking

Kantoor/Adminbestuurder gesoek.

Bestuurservaring is noodsaaklik en die persoon moet beskik oor administratiewe vaardighede.

Afrikaans-en Engelssprekend.

Pos is dadelik beskikbaar.

OK Foods Heilbron

Kontak: 072 158 7670

Buy-a-Bale
Make Your Own Cash!

Imported European Quality second hand coats

BEST DEALS ON BALES IN SOUTH AFRICA!

Overcoats Benoni
97 Princes Ave.
011 845 4769

Call SYDNEY now!
072 885 1999

sales@overcoats.co.za
www.overcoats.co.za

WE DELIVER COUNTRY WIDE

OVERCOATS

072 569 7205

14 Huis Bron-van-Heil, 97, Frankfort, 9650
Tel: 052 569 7205
Kantoor: 058 513 1047

BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.

Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of

Piet Meiring 082 571 4191

peerlandhandel@gmail.com

R

BLOEDSKENK DATUMS - 2022

26 Julie 2022
27 September 2022
29 November 2022

Give life blood

We've got your back!
Give your back the right buddy!

Medium Back Chair
Swivel & Tilt Mechanism
100 KG Weight Limit
Black Mesh Fabric
PU Arms

High Back Chair
Swivel & Tilt Mechanism
100 KG Weight Limit
Black Mesh Fabric
PU Arms

R1850 R2100

Office National

finance@heilbron.co.za | 058 852 3033
Catalogue available on request.

PLOEG SEMOER

Egite

LEER BELDE

WERNER | 060 524 5567
JEANNE | 076 813 2751

www.ploegsemoer.com

POSTNET HEILBRON

CRIMINAL RECORD CHECKS NOW AVAILABLE AT POSTNET HEILBRON

- STANDARD - 24 TO 48 HOURS - R210.00
- PREMIUM - 5 HOURS - R255.00
- PRIORITY - 2 HOURS - R395.00

Please enquire in store for more information.
All pricing includes VAT. Terms and Conditions Apply.

POSTNET Digital

42 Els Street, (next to Heilbron Herald), Heilbron 9650
Tel: 058 853 0006
Email: heilbron@postnet.co.za • Website: https://heilbron.postnet.co.za

JET VIER JEUGDAG



Tewyl baie jongmense die 16de Junie beskou as net nog 'n vakansiedag, is daar wel besighede en hul werknemers wat die betekenis van die dag ernstig opneem. Thembi, 'n werknemer van Jet in Heilbron, het skoolklere gedra om die dag ter herdenking van die Soweto opstanding in 16 Junie 1976, nou bekend as Jeugdag, te vier.

KRAG IS OP 'N MESPUNT

Skielik is die ligte af in die middedorp. Dit het gebeur nadat die verdeelkas in Pleinstraat Maandag aan die brand geslaan het. Dië tydelike aansluiting, volgens 'n werker van Die Plaaskombuis, is reeds in werking vanaf middel Januarie. Volgens Koos Ferreira van Heilbron munisipaliteit se elektrisiteit afdeling, het die brand vermoedelik ontstaan as gevolg van 'n kortsluiting. Gedurende Januarie het 'n gedeelte van die hoofsubstasie agter Spar ontklaar geraak en moes hulle 'n tydelike kragkabel aanlê na besighede in die middedorp. Die kragvoorsiening kom nou van die substasie by Kalli woonstelle. Onderdele vir die hoofsubstasie by Spar word nog vervaardig en wag hulle vir dit. Dit is onduidelik wanneer Heilbron se munisipaliteit die nodige part gaan ontvang.



QUIRIANÉ SLAAG UNISA MUSIEK-EKSAMENS MET LOF

Quiriané Charilaou graad 11 leerling van Hoërskool Reitz slaag haar Graad-7 Unisa finale musiek praktiese eksamen met 90%. Wat haar prestasie so uitsonderlik maak, is dat sy vir al haar praktiese en teoretiese musiekeksamens, vandat sy begin het bo 90% behaal het en met lof geslaag het. Haar naam verskyn vir elke eksamen op Unisa se Ererol. Quiriané se ma vertel dat sy musieklesse deur Jenny Reed ontvang wat 'n besonderse goeie musiekonderwyser is. "Mag sy voortbou met haar talent en die lewe vul met haar musikale klanke. Hoërskool Reitz is ongelooflik trots op Quiriané se pragprestasie vir musiek", vertel Mnr. Christo van Zyl, woordvoerder van Hoërskool Reitz.



HUPPEL TRIPPEL KLUB KUIER GESELLIG SAAM

Amper 30 mense het 'n heerlike oggend saam met Nonna deurgebring. Die kuier het begin met 'n klompie nuutskeppings in Afrikaans wat die lede moes probeer verklaar. Kyk 'n bietjie of jy weet wat is 'n bakkiebrakkie of wat is 'n kierekolonie. Daarná is alles wat ons kon opdiep oor die ontstaan en geskiedenis van Petrus Steyn bespreek. Nonna, wat 'n gebore Petrus Steyn is, het vertel hoe haar ouers daar aangeland het; en hoe haar eie pad geloop het. Sy het foto's gewys van die historiese geboue in die Petrus Steyn-omgewing. Sy het ook gesorg vir heerlike verversings. Op 28 Junie gaan dit oor die ontstaan en geskiedenis van Heilbron. Daarná speel ons Noot vir Noot saam met Martie Olivier.



Nonna Roos.



Op die foto bo van die lede van die Huppel Trippel Klub.



14 Ringer Street,
Heilbron, 9650

CH
Water Pipes

HDPE
& **LDPE**
Manufacturers & Distributors



082 318 8299

BRONS VIR DIE NETBALSTERRE!



Die primêre en sekondêre eerste netbalspanne van Hoërskool Heilbron sluit die seisoen op 'n hoë noot af. Albei spanne wen die Fezile Dabi B-liga en neem daarna deel aan die Vrystaat Netbal Kampioenskappe wat op Donderdag 16 Junie 2022, in Bloemfontein plaasgevind het. Daar het die twee spanne beide 3de geëindig in die onderskeie B-liga afdelings. Hoërskool Heilbron is baie trots op hulle!

MR PRICE OPEN SY DEURE IN HEILBRON



In 'n klein dorp is dit altyd lekker om nuwe besighede te sien oopmaak en in die geval van Mr Price is dit geen uitsondering nie. Na lang afwagting en gegons oor wanneer die klerewinkel sy deure open, kom die tyd nou al hoe nader vir die bekwame span wat hard aan die werk is om hierdie spoggerige winkel op die 30ste Junie vir die publiek oop te maak. Die nuwe besigheid hoop om 'n groot impak in die dorp te maak en te wys dat die dorp wel potensiaal het om te groei.

GELUKKIGE WENNER BY SPUR HEILBRON

Met Vadersdag wat Sondag die 19de plaasgevind het, het Spur dit goed gedink om die pa's te bederf met 'n welkom-drankie asook 'n klein geskenkie. Daar was ook 'n gelukkige trekking waarin Mnr. M Motsadsi die “hamper” gewen het. Sy dogter het die geskenk namens hom ontvang.



KONSENTRASIEKAMPDAG HERDENK

Donderdag 16 Junie het die Voortrekkers, in samewerking met die FAK en kultuurnetwerk, Konsentrasiekampdag herdenk. Ons herdenk die dag ter nagedagtenis aan die derduisende vroue en kinders wat onskuldig gesterf het in die destydse “moordkampe” tydens die Anglo Boereoorlog van 1899-1902 om die Afrikanervolk tot sy knieë te dwing.

Op Heilbron was 'n kamp op die plek waar die huidige Voortrekker-terrein is, tot duskant Clover en Telwiedre. Die terrein is die laaste gedeelte van die erfenisgrond wat nog bewaar word. Op die terrein het die hoof funksie plaasgevind waar dertig kerse aangesteek is deur vroue en kinders om die dood van 781 vroue en kinders in Heilbron konsentrasiekamp te herdenk. Quarta Pretorius van die erfenisstigting, was aan die woord met feite van die nare waarheid uit die konsentrasiekamp. Sy het ook 'n kranslegging op die terrein gedoen by die waterpomp wat oorspronklik uit die konsentrasiekamp dateer, namens haar broer wat deel was van die uitleg van die Voortrekkerterrein.

Daarna is die kinders vervoer na die plaaslike kerkhof waar die oorspronklike



konsentrasiekamp-grafte is. By die konsentrasiekamp-monument is daar die volgende kransleggings gedoen: Quarta Pretorius, ter nagedagtenis van die vroue, namens die erfenisstigting. Charlize Smit, Jeugleier van die Voortrekkers vir die dogters. Danie Bornman en Marnus Claasen, vir die seuns namens Hoërskool Heilbron en Lizanè van Zyl namens die FAK en Heilbron Voortrekkers. Daar is ook deur familieleden van persone wat omgekom het in die konsentrasiekamp, kranse gelê. Ons wil hiermee die FAK bedank vir die skenking van die kranse vir die geleentheid. 'n Groot bedanking aan Lida de Wit wat met soveel deurnis elke krans simbolies uiteengesit het. Fotos geneem deur Dawie Fourie.

BRONNIES BESOEK TANDARTS

Hoërskool Heilbron se graad R klas van 2022 het Woensdag 22 Junie 'n leersame uitstappie na die plaaslike tandarts geniet. Dr Baan het aan die kinders 'n kort lessee gegee oor hoe om jou tande mooi op te pas. Sy het hulle ook geleer oor wat 'n tandarts se werk behels. Na afloop van die les het Dr Baan die kinders drie vrae gevra en dié met die korrekte antwoorde se tande is skoongemaak. Die kinders kon toe ook die proses aanskou. Die bekende tandarts-vrees is vir hierdie klas beslis nou iets van die verlede.



Op die foto: Hoërskool Heilbron se graad R klas van 202 saam met Dr. Marge Baan, Connie Fourie (Assistent) en Juffrou Annari van Dorsen.

HEILBRON GHOLFklub

BIED AAN:



Gholffklub

BOKKEDAG

Inskrywings-R400.00

Tyd-10:30/11:00

Formaat-IP8

*Sluit halfway & Aandete in

2 Julie 2022

Navrae en inskrywings: 062 030 1657

JAARPROGRAM : 2022 RIEMLAND JAGTERSVERENIGING

DATUM	BESONDERHEDE	TYD
09 JULIE	LANGAFSTANDSKIET	09:00
13 AUGUSTUS	.22 EN JAGGEWEER HANDWAPENSPORTSKIET	10:00
20 AUGUSTUS	UK VERGADERING BLOEMFONTEIN	
03 SEPTEMBER	JEUGSKIETDAG	09:00
08 OKTOBER	GROEPERINGSKIET / TROFEE MEET	09:00
15 OKTOBER	ALGEMENE JAARVERGADERING BLOEMFONTEIN	
04 NOVEMBER	JAARVERGADERING : RIEMLAND TAX	18:30

VRYSTAAT-VERSORGING IN AKSIE



VRYSTAAT-VERSORGING IN AKSIE
FREE STATE CARE IN ACTION
TLHOKOMBELO TSHIBETSONG YA FREESTATE

Vakature: Administratiewe Beampte / Finansiële Beampte
Huis Silwerjare – Petrus Steyn

Halfdag pos

Posvereistes:

- Minimum van Graad 12 kwalifikasie
- Rekenaarvaardig
- Vaardig met Sage/Pastel rekeningkundige program
- Kennis rondom debiteure en krediteure stelsels
- Kennis van BTW opgawes
- Ervaring van kantoor administrasie
- Geldige rybewys
- Taalvaardig – Afrikaans, Engels

Vergoeding:

Salaris: Onderhandelbaar
Pensioenfonds
Diensbonus

Sluitingsdatum: 08 Julie 2022

Belangstellers moet CV e-pos aan: Die Voorsitter: tarzan@xsinet.co.za

Indien u nie voor 11 Julie genooi word vir 'n onderhoud nie moet u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was.

WINKELURE

MAANDAE - DONDERDAE: 07:30 - 17:00

VRIDAE: 07:30 - 16:30

SATERDAE: 08:30 - 13:00

Elsstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033

Osteoartritis
is 'n toestand wat voorkom as gevolg van die langtermyn slyt van die gewrigte.

Behandeling sluit in:
Aangepaste oefeninge wat die gewrigte beweegbaar en sterk maak.
Combinasie van algemene oefeninge in die liggaam te versterk.
Wanneer medikasie nodig is, word dit gebruik om pyn te verlig.
Wanneer medikasie nodig is, word dit gebruik om pyn te verlig.
Wanneer medikasie nodig is, word dit gebruik om pyn te verlig.

WISSENTRAAL
DIE BESTE BOD
BESTUURDER
P.J. Müller
060 966 9340

AFSLAER
Ian Grobbelaar
060 965 6207
Frankfort/Roadside/Cornelia

Corjan de Jager
079 506 8777
Frankfort/Cornelia/Oranjevlei/Roadside

Fanie vd Merwe
082 494 3127
Tweeling/Reitz/Petrus Steyn/Frankfort

David Gerber
082 489 7424
Villiers/Cornelia/Grootvlei

Fanie vd Merwe (Junior)
061 180 6802
Villiers/Cornelia/Grootvlei

Pula Gillomee
082 788 5338
Heilbron/Edenville/Oranjevlei

Hugo Groenewald
082 569 7205
JJ HADEBESTRAAT 97
FRANKFORT
(Langs Bright Dienste)

BESOEK ONS VIR AL
U SKRYFBEHOEFTE-
BENODIGDHEDE



Pharmacy & Clinic
PLATTELAND

the local choice
here for you.

WE ARE OFFICIAL STOCKISTS

053 771 4950 087 527 1723
www.thelocalchoice.co.za
27 Winkworth Road, Winkworth Square, Hillcrest



The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

Die komende week se BELANGRIKSTE veilinge

DINSdag - 28 JUNIE 2022

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuys 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak John Campher 072 202 0160

HEILBRON: HILLTOP SAVM STOET
272 Skape
11:00, Heilbron gholfklub
Kontak Danie de Wet 082 772 4537

WOENSDag - 29 JUNIE 2022

MEMEL Maandelikse veiling
Kontak Paul de Bruyn 079 882 1138

PARYS Maandelikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

DONDERDag - 30 JUNIE 2022

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

DUNDEE & DISTRIKTE Speenkalf veiling
Kontak Pieter van Zyl 082 459 0668

VRIDAg - 1 JULIE 2022

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

www.bkb.co.za
BKB Louwid 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za